



Frans Oerder, die bekende kunstenaar, by sy skilderye afgeneem. Sy kunstentoonstelling in Pretoria duur nog tot 10 Oktober.

OOR BOEKE

'n Knap Geestige Roman

KATRIENTJIE, 'n Grappige Roman, deur Stella Owen. (Uitgegee deur die Nasionale Pers, Bpk.)

AS mens week ná week ons ernstige boekaankondiginge en -besprekings lees, kan jy lig vergeet dat dit ook moontlik is om soms 'n boek vir blote vermaak en tydskorting te lees. Dis goed dat 'n verhaal soos *Katrientjie* ons 'n slag daaraan herinner.

Die intrige van die verhaal berus op 'n reeks vergissings wat lei tot 'n werklik kostelike klimaks, 'n egte „comedy of errors” wat uit die alledaagse gegewens van 'n kleindorpslewe saamgestel is. Met opmerklike behendigheid laat die skryfster misverstand ná misverstand ophoop, totdat uit 'n doodgewone rusie van 'n jonggetroude paartjie 'n ernstige moordaanklag (kompleet met die oortuigendste omstandighedsgetuienis) voortspruit. Die onwetende oorsaak van die rusie is 'n afsigtelike vet hond wat so deur Neels; die baas, getroetel en gepamperlang word dat Essie, die mooi, uit afguns en ergernis haar dreigement uitvoer om haar man te verlaat totdat hy dit duidelik laat blyk dat hy haar bo *Katrientjie*, die hond, verkies. Die telegramme wat oor en weer gewissel word, tesame met ander omstandighede, soos die wegraak van Essie, is die gegewens waaruit die sensasielus van die ledige, skindersieke dorpsvrouens, 'n verhaal van huweliksontrou en moord saamflans. Op die klimaks volg natuurlik 'n volledige ontknoping: die goedhartige Neels se eer en onskuld word herstel, en, wat meer sê, hy het soveel baat gevind by dié ondervinding dat hy selfs sy gedugte skoonmoeder kan trotseer. Juffrou Loetz, die poskantoorklerkie, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die hele petalje, het 'n bitter les geleer en sal haar in die toekoms nooit weer met ander se private lewe bemoei nie. En selfs Elise (Essie se jonger sussie) se dors na 'n grootmenservaring van liefde het haar so suur bekom dat sy liever maar 'n naïewe, aantreklike skooldogter bly.

Hoewel die gebeure op die deursigtigste toeval berus, is hierdie verhaal tog iets meer as 'n blote klug. Sommige van die figure is wel enigszins karikatuuragtig (tog nie so erg as wat die buiteblad-illustrasie dit suggereer nie!) maar oor die algemeen getuig die skildering van die dorpsatmosfeer en die karakters van simpatieke waarneming.

Besonder beminlik is die goeie ds. Brink en die parmantige, lewenslustige Elise; ook Neels se prokureurvriend en die dogter van die kafee-eienaar wat as die beskuldigde se bemiddelaars optree, verberg albei 'n warm hart en heelwat lewenswysheid onder 'n uiterlike van spotlustige nonchalance. Die dames van die dorp, met hul daaglikse skinder- en koffieparytjies, kom daar minder goed van af. Af en toe laat die skryfster haar so 'n terloopse opmerking ontval wat 'n wêreld van assosiasies by die leser oproep:

„Kom,” sê mev. De Wyer, met haar neus hoog in die lug (sy is een van die *Perdespruitse Schoemans* en hulle hou almal hul neuse so).

Dit is dergelike trekkies wat die

boek so leesbaar maak. Die grappige tree meestal te voorskyn uit die los, beweeglike dialoog, waarvan hier 'n enkele voorbeeld volg:

Neels begin wild te lag.

„Julius,” sê hy, „dit is die ver-spote oomblik van my lewe. Een ding ná die ander kom uit, en hoe verder ons gaan, hoe slegter lyk dit.”

Julius buk oor hom en fluister:

„Dit word gevaarlik, dis waar! Ek dink natuurlik nie dat jy skuldig is nie, maar jy moet darem begin te maak of jy mal is.”

„Hoekom?”

„Dis tog beter om in 'n malhuis te sit as om opgehang te word.”

„Onsin! Sonder 'n lyk kan hulle nie regtig sê daar was 'n moord nie.”

„Dit dink jy maar! Hulle het nou-die-dag in Engeland 'n man ter dood veroordeel vir die moord van sy kind, al het hulle nooit die lyk gekry nie.”

Neels word bleek.

„Wat? Maar ons is nie in Engeland nie.”

„Nee, maar, soos die koerante sê, ons word dag vir dag meer Engels-gesind in hierdie land . . .”

Hierdie vermaaklike verhaal sal seker deur baie geniet word en is beslis 'n aanwinst vir ons volkslektuur.

E.F.E.

Die Musiek van Johannes Joubert

Musiek deur Johannes Joubert: O, Boereplaas, Moederswiegeliedjie, Xosa - Slaapliedjie, Poppedans, Feëdans, Albumblad.

ONDER ons geliefdste koorwerkies neem „O Boereplaas” seker een van die eerste plekke in. Johannes Joubert het daarin geslaag om aan die ietwat sentimentele woorde van C. F. Visser 'n buitengewoon aantreklike melodie te gee. Uit die koorbewerking, sowel as uit die begeleiding, blyk egter dat Joubert geen oordadige sentimentaliteit daarin sien nie. Koorleiers sal derhalwe gerade wees om die geliefkoosde portamentos soveel moontlik te vermy. Woorde en musiek spreek heeltemal vir hulle self.

'n Allerskatlikste liedjie vir die skole is „Moederswiegeliedjie,” 'n werkjie vir tweekemmige koor of solo-stemme. Die 6/4-maat gee dadelik so iets sag-vloeiends aan die melodie. Mooi is die begeleiding van die woorde „Sterre hou oor jou die wag tot die son weer helder lag.” Die oktawe in die diskant gee heeltemal voldoende die vreugde en geluk van die son weer.

Baie gelukkig is mnr. Joubert in sy bewerking van die „Xosa-Slaapliedjie.” Die linkerhand gee in die sagte staccato-note die idee van die dowwe geluid van die tom-tom, terwyl die regterhand in 'n eenvoudige arpeggio die wiegende beweging bring. Ook die Afrikaanse en Engelse woorde, onderskeidelik deur Gerh. Moll en Haydn Matthews, is gelukkig geslaag. Hulle is vry na die Xosa.

Die volgende werke is vir klavier. Aldrie is besonder aantreklik en besonder goed vir dié kinders wat graag vir vader of moeder se verjaardag iets wil speel. Veral „Albumblad”

en „Poppedans” is so eenvoudig dat dit in baie korte tyd ingestudeer kan word. „Feëdans” is moeiliker, maar deur die herhalings van die begintema word die eintlike moeilikste werk baie ingekort. Hierdie werkies lê heeltemal, ook wat die voordrag betref, binne die perke van die jeugdige klavierspeelster of -speler.

Geeneen van hierdie komposisies maak aanspraak op die naam „baanbrekerswerk” nie, maar almal is musikaal en gevoelig, sonder enige pretensie; populêre musiek in die allerbeste sin van die woord en daarom beveel ek dit ten sterkste aan.

C. v. d. BOS.



Johannes Joubert, die Afrikaanse komponis.